



Tel: +27 (0) 12 804 8031
Faks / Fax: +27 (0) 12 804 2014



Jamesrylaan / James Drive 194,
Posbus / P.O. Box 912 - 51, Silverton, 0127



E-pos / E-mail: tlu@tlu.co.za
Web: www.tlu.co.za



TLU SA Kongres 6 September 2023

Presidentsrede : Henry Geldenhuys

Die vier seisoene van Landbou

Wanneer ek vir boere vra ? “Noem vir my 5 items in jou plaasbakkie wat jy daaglik moontlik nodig het om te boer “ Dan kry mens uiteenlopende antwoorde. Persoonlik sou ek sê dat ‘n warm baadjie en ‘n reënjas saam deel uitmaak as een van die 5 items vir as jy oorval sou word deur een of meer van 4 seisoene op een dag. Sou dit wel gebeur, dan kry ek die Jongboere met hul Boerboel kortbroeke, so jammer, as ek sien hoe hul oë traan van die koue sonder n baadjie of reënjas .

Met so tema dink mens dadelik aan die seisoenale proses waardeur elke boer gaan in die produksieproses. Soos die Woord in Prediker 3 vir ons uitwys: Alles het sy bepaalde uur, en vir elke saak onder die hemel is daar 'n tyd soos in vers 2 vir die landbouer gemeld word daar is “'n tyd om te plant”

Ongeag die kommoditeit waarmee elkeen boer draai die hele produksieproses rondom lewe. Daar is 'n tyd (seisoen) om te ontkiem, 'n tyd om te groei, 'n tyd om ryp te word en geoes te word en dan ook 'n tyd om te rus. Die lewe vir die mens het inderdaad ook hierdie seisoene waardeur ons almal gaan. So kan ons lank stilstaan oor die lente van ons lewe waar die verwagting groot is oor wat bereik kan en gaan word. Dit is waar ons beplan en voorberei vir die groei wat op ons wag. Elkeen sal hier die talente wat ontvang is benut of moontlik gaan begrawe en nie daarmee woeker nie. Hoe lank dit ons elk beskore is om wel te woeker en te



Tel: +27 (0) 12 804 8031
Faks / Fax: +27 (0) 12 804 2014



Jamesrylaan / James Drive 194,
Posbus / P.O. Box 912 - 51, Silverton, 0127



E-pos / E-mail: tlu@tlu.co.za
Web: www.tlu.co.za



groei is nie in ons hande nie, maar weet ons elk dat tyd nie vir ons wag nie en moet dit uitgebuit en benut word. So sal dit by elkeen, indien hulle 'n rype ouderdom bereik, hul in die posisie stel om ook hul oes te kan lewer om ander wat daarna kom, te help rig met wysheid ten einde die opkomende presteerders te help rig vir die toekoms. En dan die tyd om te rus – mag dit vir elk beskore wees om dit op 'n mooi wyse te mag ervaar. Die siklus van elk om die kultuuroopdrag uit te leef vind by elkeen altyd sy volle sirkel.

Ons kan lekker filosofies raak oor die seisoene van ons lewe. Vir die boer op die plaas is dit egter in die praktyk die uitdaging om hierdie seisoene sodanig te bestuur dat daar op die einde van die seisoenale siklus wel winsgewendheid ervaar word. Die praktyk bring soms mee dat daar vanuit 'n klimatologiese siening somer al vier seisoene op een dag ervaar word, soos alreeds genoem, met gepaardgaande skade daaraan gekoppel. Die boer se werklikheid is omvangryk om te bestuur. Hy of sy moet inderdaad 'n ekonoom wees, 'n weerkundige, 'n ingenieur, 'n veearts, sielkundige, arbeidskundige, 'n werktuigkundige, 'n elektriese, 'n loodgieter, 'n bouer, 'n finansiële adviseur, bepaalde kundigheid oor risikobestuur, 'n grondkundige, 'n veekundige, 'n weidingskundige, 'n mark spesialis en voeg hierby so ietsie van elke ander ambag nie reeds genoem nie. Dan moet hy 'n besondere kennis hê oor veiligheidsaangeleenthede en die politiek van die tyd (nasionaal en internasionaal) verstaan om die regte keuses te kan doen om seker te maak dat die boerdery winsgewend bly.

Met hierdie in gedagte is dit vir my 'n baie groot voorreg om vandag voor die grootste bate waaroor ons land en seersekerlik ook die wêreld beskik naamlik die produsente van voedsel, te mag staan en enkele gedagtes te deel. Ek kan myself nie 'n groter bate in ons land indink as juis die kommersiële boere wat vandag onder uiterste toestande vele uitdagings moet trotseer om steeds



Tel: +27 (0) 12 804 8031
Faks / Fax: +27 (0) 12 804 2014



Jamesrylaan / James Drive 194,
Posbus / P.O. Box 912 - 51, Silverton, 0127



E-pos / E-mail: tlu@tlu.co.za
Web: www.tlu.co.za



volhardend kos op Suid-Afrika se inwoners se tafels te sit. Daarvoor behoort elke verbruiker en veral die regering die nodige erkenning te gee.

Ons sprekers gaan vandag van hierdie aspekte aanspreek waarvoor daar deurlopend beter antwoorde gesoek moet word. Ons kongres moet duidelik rigting aandui oor die pad vorentoe om seker te maak TLU SA doen die regte dinge om ons boere veilig en volhoubaar op hulle grond te hou.

Die veranderlikes vir elke boer is omvangryk en om betyds aanpasbaar te wees sal in vele opsigte die verskil bepaal tussen sukses en mislukking. Kollektiewe bedinging in al sy fasette raak by die dag net meer en meer belangrik. Die waarde van georganiseerde landbou word opnuut besef wanneer daar agter die skerms uiteenlopende en dringende sake deurlopend aangespreek word en oplossings daarvoor gesoek word. TLU SA se komitees doen in hierdie verband kosbare werk en word individueel aangemoedig om by van hierdie komitees waarin hulle 'n belangstelling en/of kundigheid het in te skakel. Die beleidsomgewing word grootliks gerig deur die aanbevelings gemaak deur die strukture wat vir elke lid 'n instrument tot beskikking is om benut te word.

Wanneer ons 'n oomblik stil staan oor bedreigings wat veroorsaak dat ons soms voel of ons nie die groei of oesseisoen ervaar nie is dit belangrik om 'n deursigtig en eerlike analise te maak.

Dit word ervaar dat daar in baie gevalle baie energie aangewend word om 'n klomp skeefloop simptome te probeer "bestuur". Word die oorsaak van die probleme korrek geïdentifiseer en ontleed? Buiten die klimatologiese werklikhede is daar weinig probleme die afgelope aantal jare wat nie teruggeneem kan word na 'n ongesonde beleidsomgewing van die regering nie. Suid-Afrika



Tel: +27 (0) 12 804 8031
Faks / Fax: +27 (0) 12 804 2014



Jamesrylaan / James Drive 194,
Posbus / P.O. Box 912 - 51, Silverton, 0127



E-pos / E-mail: tlu@tlu.co.za
Web: www.tlu.co.za



bloei tans onder beurtkrag en is die ingrepe op die land se vooruitgang onmeetbaar negatief. Baie energie word aangewend deur verskeie rolspelers om 'n oplossing te probeer vind vir beurtkrag. Die werklikheid is dat beurtkrag die gevolg is van 'n bepaalde beleidsbenadering wat deur die ANC oor jare toegepas is en moet daar besef word waar is die oorsaak van die probleem. Die oplossing vir hierdie probleem moes op die politieke vlak gelê het, maar ongelukkig het ons reeds geleer dat ons ook hier self sal moet planne maak. As organisasie is ons geïmplementeer ook binne ons grondwet om nie by party politiek betrokke te raak nie. Dit neem nie ons verantwoordelikheid weg om as landbou-organisasie die probleme by die naam te noem en dan met voorstelle vir 'n beter omgewing ons invloed uit te oefen op die beleidsomgewing nie. In die verband het ons deur die jare oor 'n verskeidenheid van sake soos bv onteiening sonder vergoeding insette gelewer en selfs ook in die Parlement daarvoor gaan getuig.

TLU SA is oplossoekend met die vertrekpunt dat ons weet dat die laaste sê altyd deur die markkragte gesê sal word. Enige politieke standpunt kan gehuldig en toegepas word hetsy in uitspraak of selfs in wetgewing, maar op die einde sal sukses al dan nie geëvalueer word deur die markte. Maak wins en wees steeds in produksie of maak 'n verlies en is daardie besigheid se streep getrek. Ten einde na oplossings te streef is dit noodsaaklik dat daar met suiwer perspektief gekyk word na ons werklikhede. Meer toeligting oor die omgewing waarbinne ons suksesvol moet boer moet verskaf word:

- Die oorsaak soos reeds genoem dat stelsels nie meer behoorlik funksioneer in Suid-Afrika nie kan grootliks toegeskryf word aan 'n onrealistiese beleidsomgewing wat telkens die ekonomiese toets klaaglik misluk. Die beleid van die ANC kan gesien word as 'n transformasiebeleid waarbinne verskeie aspekte soos kaderontploffing, SEB, ens. verpak is. Kader ontploffing bv.



Tel: +27 (0) 12 804 8031
Faks / Fax: +27 (0) 12 804 2014



Jamesrylaan / James Drive 194,
Posbus / P.O. Box 912 - 51, Silverton, 0127



E-pos / E-mail: tlu@tlu.co.za
Web: www.tlu.co.za



met die gepaardgaande gevolge daarvan se prys het onbetaalbaar duur geword. Elke inwoner betaal vandag vir hierdie gevolge. Die rimpel-effek hiervan het 'n negatiewe invloed op elke sfeer van ons samelewing en word die land se jongmense se toekoms hul inderdaad ontnem. Hierdie beleidsrigting van sosialisme en kommunisme wat die ANC najaag het in werklikheid wêreldwyd nog net baie hartseer en armoede teweeg gebring. Die gevolge van hierdie beleid word orals ervaar en het dit op elke landbouer 'n invloed op verskeie terreine:

- Misdaad is buite beheer in Suid-Afrika. Die regering wat die grondwetlike verantwoordelikheid het om na die land se veiligheid om te sien het Suid-Afrika grootliks hierin gefaal. Bykans 70 moorde per dag in SA. Ook is ___ boere vanjaar al vermoor op plase en kleinboewes. Dan praat ek nie eers van hoe boere bankrot gesteel word nie. TLU SA het in die verband 'n privaat wetsontwerp ingedien met die strekking dat privaat individue by gebrek aan die nodige ondersteuning deur die staat belastinggeld moet kan afskryf waar daar self veiligheidstoerusting geïnstalleer word.
- Werkloosheid en die gepaardgaande armoede is 'n ANC gemaakte tydbom en is 'n reeds belastingvoos uitgemergelde ekonomies aktiewe deel van die bevolking net nie instaat om onbeperk te kan voortgaan om die ANC se oplossing vir die swak ekonomiese groei wat hul met hul beleid veroorsaak het, naamlik die uitbetaling van sosiale toelae te kan aanhou finansier nie. Dit is 'n ope vraag wat is die regering se plan wanneer die geld gaan oprak of sal ons dan ook maar net meer geld druk? Dit is totaal onaanvaarbaar dat die



Tel: +27 (0) 12 804 8031
Faks / Fax: +27 (0) 12 804 2014



Jamesrylaan / James Drive 194,
Posbus / P.O. Box 912 - 51, Silverton, 0127



E-pos / E-mail: tlu@tlu.co.za
Web: www.tlu.co.za



ekonomies aktiewe en wetgehoorsame inwoners van die land aanhou moet betaal vir die mislukkings van die regering. Die vraag kan tereg gevra word indien ons aanhou belasting betaal vir misdadigheid soos wat ons daaglik van verneem wat in regeringskringe op alle vlakke plaasvind of dit nie vir ons as finansierder van al hierdie korrupsie, diefstal, wanaanwending van fondse, ens. 'n medepligtige maak nie?

- Die staat se behepthed met sentralisering op elke terrein eis ook deurlopend sy tol. Dit is juis daar waar die kaders geïmposisioneer is waar kundigheid nie noodwendig die rede vir aanstelling was nie, maar slegs lojaliteit. Dienslewering in ons land het in vele opsigte 'n mite geword. Ten spyte hiervan is daar steeds verskeie rolspelers wat werklik poog om uitkomst te bewerkstellig en daarvoor 'n groot dank. Dit is individue wat die verantwoordelikheid wat die lewe van elke vereis steeds probeer nakom wat help dat die wiele nie reeds heeltemal afkom nie.
- Die "opeis" kultuur wat tans aan die orde is moet reggestel word. Na die Tweede Vryheidsoorlog het ons voorouers met die terugkeer na plase wat vernietig en afgebrand was, skouer aan die wiel gesit en gewerk om te kan hê. Kinders het met gelapte klere, maar altyd skoon en in baie gevalle kaalvoet deur die ryp na skole gegaan om hul beter toe te rus met kennis. Selfs na die depressie was daar opgestaan. Die verantwoordelikheid wat die lewe van elk vereis se uitdagings is aangepak en is daar gewoeker tot by sukses. Vandag word alles gratis opge-eis sonder dat verantwoordelikheid daaraan gekoppel word. Ons



Tel: +27 (0) 12 804 8031
Faks / Fax: +27 (0) 12 804 2014



Jamesrylaan / James Drive 194,
Posbus / P.O. Box 912 - 51, Silverton, 0127



E-pos / E-mail: tlu@tlu.co.za
Web: www.tlu.co.za



moet kennis neem van die informele ekonomie wat nie belastings betaal nie en op 'n manier op vele wyses gedy, maar ook nog kom opeis by die formele ekonomie wat belastings betaal dat hulle moet gratis kry. Daar is niks volhoubaar hieraan nie. Suid-Afrika het 'n denkraamwerk fout by mense wat reken die lewe skuld hulle iets. Solank die regering nie die regte dinge doen wat ekonomiese groei sal stimuleer nie moet daar besef word dat die toekoms op erge risiko geplaas word.

- o Die ANC in aanloop tot volgende jaar se verkiesing is polities feitlik heeltemal bankrot en is daar weinig oor waarmee hulle die kiesers kan oortuig om steeds vir hulle te stem. Die beloftes van grond gaan net verder momentum kry en word dit reeds ervaar dat daar op vele wyses 'n aanslag op privaat besitreg plaasvind. Vele prospekter lisensies spring tans op, voorstelle van eienaarskap oordrag ten einde om waterlisensies te kan bekom en die implikasies van Esta is maar enkele van die voorbeelde wat tans tafel toe kom of reeds daar is.

Die prys wat Suid-Afrika betaal vir die toepassing van hul beleid van transformasie is duidelik daar vir elkeen om te sien. In 1994 het hul soos die Engelse sou sê, 'n "running business" soos Denel, SAL, Poskantoor, Onderstepoort, Eskom, spoorweë, munisipaliteite, ens. ontvang wat elk op hul manier 'n bydrae gemaak het tot die effektiewe funksionering van ons land. Die vraag vandag is of daar net een genoem kan word wat steeds funksioneel doeltreffend is? Hulle is almal getransformeer na mislukking toe. Dit is gewis nie hoe die toekoms gebou kan word nie. Voeg dan nog daarby die uiters swak onderwysstandaarde wat die regering voor moet



Tel: +27 (0) 12 804 8031
Faks / Fax: +27 (0) 12 804 2014



Jamesrylaan / James Drive 194,
Posbus / P.O. Box 912 - 51, Silverton, 0127



E-pos / E-mail: tlu@tlu.co.za
Web: www.tlu.co.za



eienaarskap aanvaar dan besef mens dat die huidige beleidsomgewing te duur geword het vir elke inwoner van ons land.

In die lig hiervan het TLU SA hul ernstige kommer gehad oor die proses rondom die landbouplan of te wel die Agricultural and Agro- Processing Masterplan (AAMP) TLU SA het juis oor die ongekwalfiseerde ondersteuning van die begrip “transformasie” daarinne versoek dat ons dit ekonomies moet definieer en nie toelaat dat landbou ook soos al die res vernietig moet word nie. Vir meer as 'n jaar is ons aan 'n lyntjie gehou totdat die ander rolspelers wat betrokke was wel agter ons rug die dokument afgeteken het sonder om transformasie te definieer. Die werklikheid is dat daar vir die regering hierdeur 'n groenlig gegee is om ook met landbou te doen soos wat met al die ander instellings gedoen is. Die feit dat daar verskeie ander goeie punte in die landbouplan vervat is gaan nie die kanker van vernietiging naamlik ongekwalfiseerde transformasie soos wat ons op alle ander terreine ervaar het, skielik oorbrug en goed maak nie. Die geleentheid om wel oor ons ongemak te kan praat is wel deur die DG aan TLU SA en ander organisasies wat nie deel van die proses was nie gegee. Ons insette was goed aangehoor, maar is daar gou besef dat die verknogtheid met hul ideologie baie sterk staan en voeg daarby mense wat beter behoort te weet wat dit by handtekening ondersteun en is die opdraende stryd om Suid-Afrika se ekonomie te probeer red kort duskant onmoontlik solank hierdie beleid nog seëvier.

Die hartseer is dat sodra hierdie skeefloop werklikheid van Suid-Afrika aangespreek word dit blyk of rolspelers dit as te sensitief beskou om vir die waarheid daarvoor voor op te



Tel: +27 (0) 12 804 8031
Faks / Fax: +27 (0) 12 804 2014



Jamesrylaan / James Drive 194,
Posbus / P.O. Box 912 - 51, Silverton, 0127



E-pos / E-mail: tlu@tlu.co.za
Web: www.tlu.co.za



staan. In die proses gly ons land maar saam op hierdie vernietigende ideologiese pad van transformasie soos wat die ANC dit toepas. Elke organisasie en elke boer moet vandag besef dat daar nou verantwoordelike keuses gemaak moet word. Stilsweye beteken kondonering en indien u as boer nie wil sien dat landbou ook getransformeer word soos met al die ander instellings gebeur het nie is dit nou tyd om u stem te laat hoor.

TLU SA is egter verbind tot oplossings met die doel om landbou te laat leef. Die feit dat ons produserende kommersële boere het is seker vandag die sterkste stabiliserende faktor in ons land. Neem die kos weg van die tafels af en sal hier anargie losbars wat nie beheer sal kan word nie. Daarom is ons eerlik oor probleme en noem dit by die naam, maar dan begin die werk oor hoe vind ons 'n oplossing ten spyte van die vernietigende invloed van regeringsbeleid.

Graag wil ek vandag aan elke landbouer en spesifiek ook aan ons TLU SA lede baie dankie sê vir die rol wat elk speel. Laat hoor jou stem, benut ons strukture as meganisme om juis jou stem te kan laat geld. Landbou se toekoms is in ons hande mits die regte beginsels toegepas word. Dit is ons taak as boere, ongeag organisasie, om ingelig te help om landbou te laat leef.

Die volgende aspekte geniet o.a. indringende aandag by TLU SA en is dit van die dinge waarop gefokus word:

- Lê dit wat verkeerd is bloot en werk na 'n oplossing.
- Wees eerlik oor werklikhede en wees in die proses die boer ter wille. TLU SA is hier om die boer se saak te stel en stel glad nie belang daarin om enige regering se



Tel: +27 (0) 12 804 8031
Faks / Fax: +27 (0) 12 804 2014



Jamesrylaan / James Drive 194,
Posbus / P.O. Box 912 - 51, Silverton, 0127



E-pos / E-mail: tlu@tlu.co.za
Web: www.tlu.co.za



-
- ideologie te laat goed lyk nie behalwe as dit daar is om die boer te help in produksie bly.
- Die beginsel van privaat besitreg en 'n mark gerigte ekonomie is die basis van welvaartskepping en behoort elke beleidstandpunt daarteen getoets te word.
 - TLU SA respekteer die rol wat die kommoditeitsorganisasies speel en moedig ons lede aan om ook daar voluit hul insette te gee. TLU SA fokus op die beleidsaangeleenthede soos die rolklaring gedoen is.
 - TLU SA is openlik oor die vernietigende uitkoms van die huidige beleid in Suid-Afrika en betreur dit dat rolspelers wat beter behoort te weet deurentyd poog om die noodwendige mislukkings te probeer "bestuur". Ons versoek is dat elkeen eerder help om te ontbloot dit wat verkeerd is en dan fokus op daardie aspekte wat stabiliteit kan teweegbring.
 - TLU SA erken en respekteer ander organisasies vir die rol wat elk op hul terrein speel. Die besef dat geen organisasie op sy eie genoeg wringrag het om die koersverandering wat nodig is om die huidige beleidsomgewing te verander nie, is TLU SA bereid om met organisasies wat beleidsgewys belyn, saam te werk tot 'n beter uitkoms vir Suid-Afrika se inwoners.
 - TLU SA is baie bekommerd dat die regering in vandag se dae van alles 'n rasbehepte saak maak. Insteede om behoorlike opleiding daar te stel, 'n gunstige veiligheids en ekonomiese omgewing daar te stel met die beleidsomgewing wat hul verantwoordelikheid is, kies die regering telkens die opsies wat mislukking waarborg.



Tel: +27 (0) 12 804 8031
Faks / Fax: +27 (0) 12 804 2014



Jamesrylaan / James Drive 194,
Posbus / P.O. Box 912 - 51, Silverton, 0127



E-pos / E-mail: tlu@tlu.co.za
Web: www.tlu.co.za



-
- Die regering by uitstek, maar ook alle rolspelers ongeag ras of geslag sal moet besef dat geleenthede ontgin word deur diegene wat die verantwoordelikheid aanvaar van wat die lewe van ons elk vereis. In die verband het TLU SA reeds in 2005 en by herhaling daarna konkrete voorstelle gemaak oor hoe nuwe toetreders in landbou betrokke sou kon raak met 'n kans op sukses aangesien die markkragte in elk geval elkeen beoordeel vir volhoubaarheid. Solank die regering volhard op sy ideologies gedrewe modelle sal die uitkoms die mislukking wees soos wat ons tans ervaar waar hulle self erken het 'n jaar of wat gelede dat meer as 90% van die grond oorgedra volgens raskriteria, uit produksie gegaan het. Voedselsekerheid is net te belangrik dat die saak van voeselproduksie as 'n ekonomies evalueerbare proses verder vernietig word deur 'n onbevoegde regering wat nie die regte oogmerke in hul visier het nie.
 - Suid-Afrika het nie meer vroulike, of swart boere of jeugdige boere of vir die argument blanke boere nodig nie, maar wat ons nodig het is suksesvolle boere. Dit is diegene wat die markkragte toets slaag. TLU SA staan op vir daardie beginsels wat nodig is om juis seker te maak ons land het suksesvolle boere, ongeag die ras of geslag.
 - TLU SA bou vir die toekoms en is dit ons versugting dat elke boer in die land vandag hul hande vir die toekoms sal opsteek. Dit kan net gebeur indien ons nie meedoen aan vernietigende prosesse nie, maar hakke inkap vir daardie beginsels wat ons almal weet positiewe uitkomst kan gee.



Tel: +27 (0) 12 804 8031
Faks / Fax: +27 (0) 12 804 2014



Jamesrylaan / James Drive 194,
Posbus / P.O. Box 912 - 51, Silverton, 0127



E-pos / E-mail: tlu@tlu.co.za
Web: www.tlu.co.za



-
- TLU SA besef ons absolute afhanklikheid aan God Drie-enig wat ons weet in beheer is. Ons het elk 'n kultuuroopdrag ontvang vanuit die Woord van God. Mag ons dit volledig uitleef om ons talente optimaal te gebruik in hierdie taak van bewoon, te bewerk en te bewaar, maar altyd so dat dit tot eer van God sal wees.